

Groepwerk Gesprek Raamwerk

Vooraf:

- Reël verversings vir die groep.
- Deel die teks vooraf met die groep. 'n Ander vertaling of twee sal help om die teks meer volledig te hoor.

Tafelmaniere

Die doel van hierdie tafelmaniere is om ruimte te skep waar ons God kan hoor en voorkom dat een persoon die gesprek oorheers.

Herinner mekaar aan julle groep se tafelmaniere wat julle saam geskryf het.



Verwelkoming:

- Verwelkom almal.
- Is daar iemand nuut in die groep?
- Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om julle groep te herinner aan God se volledige teenwoordigheid deur die Heilige Gees.

Bid saam:

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand die volgende gebed lees:

Amen. (– Nuwe Lewende Vertaling)

Gesels:

Ysbreker:

Elkeen kry 'n maat.

Elkeen kry 'n hand vol room en gebruik dit om die maat se hande te masseer. Terwyl jy jou maat se hande masseer vra die volgende vrae:

Vrae:

- Vra jou maat hoe dit op die oomblik gaan. Wat het hierdie week gebeur wat vir jou lekker was? Wat was nie lekker nie?
- Vertel 'n storie van 'n keer wat iemand vir jou 'n guns bewys het en jy geen idee het wie dit was nie.
- Vertel van 'n keer waar jy vir iemand anders 'n guns bewys het en hulle weet nie dit was jy nie.

Teks:

Laat iemand die teks een maal hardop lees.

Matteus 6:1-4 (Die Boodskap)

¹“Wanneer julle besluit om goeie dinge vir ander mense te doen, moet julle eers seker maak hoekom julle dit doen. Moenie 'n openbare skouspel daarvan maak sodat ander julle kan raaksien nie. As julle op soek is na die applous van ander mense, skuld God julle niks meer nie. Dan het julle klaar julle beloning gekry.

²“Moenie 'n ophef daarvan maak as jy 'n arm persoon help nie. Net skynheilige mense doen dit. Hulle maak 'n groot bohaai wanneer hulle die armes help sodat almal dit kan raaksien en mooi dinge oor hulle kan sê. Onthou: God skuld hulle nou niks meer nie.

³“Wanneer jy mense help, mag niemand daarvan weet nie. ⁴Jy moet dit stil-stil doen. Jou linkerhand moet nie eens weet wat jou regterhand doen nie. Onthou: jou hemelse Vader sien wat jy vir ander doen. Hy sal wel sorg dat jy jou hemelse beloning kry.”

Laat elkeen die teks 'n tweede maal self deurlees en wag dat iets vir hul uitstaan.

Gesels in die groep oor die volgende:

- Gesels 2-2/ 3-3 oor wat julle nie verstaan nie of wat vir hulle vreemd is. (As die tieners nie vir mekaar kan help om meer duidelikheid te kry nie, kan hulle in die groep vra wat hulle nie verstaan nie.)
- Video
- Inset
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

Aktiwiteit:

Bid vir mekaar oor wat die teks vir julle sê, asook vir wat alles vir julle voorlê vir die res van die week.

Voor julle uitmekaargaan, maak onder mekaar seker oor die volgende:

- Is almal op die kommunikasie-lys?
- By wie kom die groep volgende week bymekaar?